

Vrydag 12 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 5:17-32

Fokusgedeelte: Handeling 5:29

Begenadigde, getuig vreesloos!

Die vooruitgang van die nuwe Christelike geloof maak die hoëpriester en sy ondersteuners so afgunstig dat hulle die apostels in die openbaar gevange neem. Wonderbaarlik word hulle deur 'n engel van die Here uit die tronk gelei, nie om iewers te gaan wegkruip nie, maar om die boodskap van die nuwe lewe in die openbaar in die tempel aan die Joodse volk te bring.

Intussen, krisisbestuur: die hoëpriester, as voorsitter, en sy ondersteuners kommandeer die Sanhedrin, die hele Raad van Familiehoofde van Israel op, en laat haal die apostels. Die krisis vererger. Die apostels het spoorloos verdwyn uit 'n geslote gevangenis. Nog erger, hulle onderrig die volk in die tempel. Mens wil amper tong in die kies vra: Hoe weg was hulle nou eintlik?

Uiteindelik moet die apostels aan die hoëpriester verduidelik waarom hulle nie die verbod om in die Naam van Christus onderrig te gee, gehoorsaam het nie. Petrus antwoord namens die apostels met 'n ewige waarheid: "Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense." Petrus is in die tempel onderbreek, nou gebruik hy – deur die inwerking van die Heilige Gees – die geleentheid om aan die Raad die hart van die evangelie te bring: God het Hom opgewek wat hulle aan 'n kruishout doodgemaak het, Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser.

Is u gereed en toegerus om, ongeag wat die omstandighede ook al mag wees, vreesloos getuie te wees van Hom wat u so uitnemend liefgehad het?

Sing: Psalm 131-1:1-3

Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)